# Prosesvloei: Heraanstelling van 'n Hoofdirekteur

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

## RAAD / REKTORAAT

Prosesbestuur: Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB) as die sekretariaat van die SAK

## LYNBESTUURDER

## AFDELING MENSLIKE HULPBRONNE (MHB)

Die proses vir die heraanstelling van ŉ Hoofdirekteur word deur die Rektor by die Rektoraat geïnisieer minstens nege (9) maande voordat die huidige posbekleër se termyn verstryk.

Die lynbestuurder moet die posbekleër nader om te vra of hulle 'n verdere termyn wil dien.

Indien die huidige Hoofdirekteur 'n verdere termyn wil dien, moet hulle die onderstaande dokumentasie aan die lynbestuurder verskaf:

1. 'n Verslag oor hul werksprestasie tydens hul huidige termyn.
2. Terugvoer van direkte ondergeskiktes en sleutelbelanghebbers.
3. 'n Visiestelling vir 'n moontlike volgende termyn.
4. 'n Opgedateerde curriculum vitae met volle besonderhede.

Die lynbestuurder lê die dokumentasie aan die Rektor voor.

Die Rektor en die lynbestuurder moet 'n gesprek met die posbekleër voer, waarna die Rektor, as die SAK-voorsitter vir die aanstelling van ŉ Hoofdirekteur, die heraanstelling oorweeg en finaal daaroor besluit.

MHB stel die Raad via die Registrateurskantoor (Sekretariaat van die Raad) van die besluit in kennis.